# DIE JORDAANTJIE

## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

12/2024 19 April 2024

### IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KANTOOR
1. Jordania Opedag
2. Personeelsake
3. Akademiese werk
4. Super 8 rugby en netbal
5. Bergfietsry
6. Personeelverjaardae
7. Hokkie
8. Kleredrag
9. Skoolfonds vir 2024
10. Rugby- en netbal vs Trio
11. Aardedag kompetisie


## UIT DIE KANTOOR

**Voortreflik!** Dit is al wat ek kan sê. Daar is nie nog 'n skool soos Jordania nie! Ek het hierdie opmerking al verskeie kere op talle platforms gemaak en ek sal dit oor en oor sê. Ek het dit weer beleef die afgelope naweek hoe 'n skoolgemeenskap kan saamstaan om die groot Super 8 rugby- en netbaltoernooi aan te bied. Op die ou einde het dit oor baie meer as net die sport wat plaasgevind het gegaan. Dit het daaroor gegaan dat ons as personeel, ouers en leerders uitstekend saamgewerk het om 'n reuse sukses daarvan te maak. Ons het so baie komplimente ontvang vanaf die besoekende skole se personeel en ouers oor die netjiese terrein en skoon badkamers, die goed-georganiseerde sport en die georganiseerdheid en vriendelike diens by verkoopstalletjies en hekke. En ons sou dit nie kon vermag as dit nie vir almal se samewerking was nie. So, van my kant af lig ek my hoed vir elkeen wat op die een of ander manier betrokke was by die organisering vooraf of werk tydens die naweek. Baie dankie vir elkeen se tyd en moeite. Dit is hoekom ek sê daar is nie nog so 'n skool, met sulke ouers, sulke leerders en sulke onderwysers nie. 'n Ware 100% skool! 'n Baken van trots en uitnemendheid in die gemeenskap. U is almal helde – om ook by ons jaartema aan te sluit. Want 'n held gee om vir ander en is bereid om hom/haarself op die agtergrond te skuif en die groter saak te dien. Mooi naweek en sterkte vir volgende week.

> ***"A true hero is any person intent on making this a better place for all people."***
> Maya Angelou

**1. Jordania Opedag vir 2025 leerders**

Ons jaarlikse opedag vind op **Saterdag, 4 Mei 2024** plaas. Alle voornemende Graad R en 1 ouers en leerders van 2025 word uitgenooi – **ook leerders van ander grade wat belang stel om die skool of koshuis te kom besoek.** Dagboek hierdie datum en stuur asb. vir u vriende aan. (Sien die advertensie langsaan)




**2. Personeelsake**

a) Die volgende personeel het onlangs studies voltooi en kwalifikasies behaal:

- Me. Natasha Burger – B.Ed in Intermediêre- en Senior Fase (met lof).
- Me. Tanya van Niekerk – Nagraadse Onderwyssertifikaat
- Me. Elsa-Marié Anderson – Nagraadse Onderwyssertifikaat

Baie geluk. Ons is saam met u trots.

b) Mnr. Jan-Hendrik Malan (student) verlaat ons vanaf vandag en gaan 'n ander rigting inslaan.

**<u>2024 SKOOLKWARTALE</u>**

**2de:** 3 April – 14 Junie
**3de:** 9 Julie – 20 September
**4de:** 1 Oktober – 11 Desember

**<u>Afrikaanse woord van die week:</u>**

**Voortreflik:** *Iets wat uitstekend of perfek is.*

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za

**Vind ons ook op:**

**VOLGENDE WEEK SE PROGRAM**

Vr, 26 Apr: Rugby en netbal teen Fichardtpark (Tuis)
Sa, 27 Apr: Vryheidsdag

## Klerebank tye

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

**BANKBESONDERHEDE**

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

NB!

### 3. Akademiese werk

Die 3de week van die skoolkwartaal is reeds verby. Ons merk dat daar sommige leerders is wat nie die nodige aandag aan hul skool- en huiswerk bestee nie. Ons versoek ouers om gereeld met hul kinders te gesels oor die belangrikheid van hul akademiese werk. Ook dat hulle sal seker maak dat leerders hul huiswerk getrou doen sodat hulle nie agter raak nie. Dit is derhalwe ook belangrik dat leerders nie onnodig uit die skool gehaal sal word nie. Baie dankie vir u samewerking.

### 4. Super 8 rugby en netbal

Ons spanne het baie goed gevaar tydens die afgelope naweek se Super 8 rugby- en netbaltoernooi teen skole van verskillende provinsies. Die netbal behaal 'n algehele 1ste plek met die o/13A's wat hul afdeling wen en die o/10A's en o/12A's wat 2de eindig. Die rugby behaal 'n algehele 3de plek met die o/9A's, o/11A's en o/13A's wat almal 2de in hul afdelings eindig. Algeheel (netbal en rugby gekombineerd) behaal ons 'n 2de plek. Weereens baie dankie aan elke leerder, ouer en personeellid wat gehelp het om hiervan 'n reuse sukses te maak. Ons is baie trots op elke Jorrie!

### 5. Bergfietsry

Tydens die XCO wedren wat in Bethlehem plaasgevind het het ons leerders baie goed gevaar in hul onderskeie afdelings. Die uitslae was as volg

- Lané Fouche: 1ste
- Wian Botes: 2de
- Ricco Fourie: 2de
- Nel Schutze: 4de
- Renier Grobler: 7de
- Christopher Schutze: 8ste
- Janco Fourie: 9de
- Dian Nel: 13de

Baie geluk met die mooi prestasies.

*100% Jorries*

### 6. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 21 April: Natasha Burger
- 26 April: Elsa van Huyssteen




### 7. Hokkie

Die volgende leerders is in die Noord-Vrystaat Griffons (Oos-Vrystaat) o/13 spanne ingesluit wat die vakansie aan 'n toernooi te Pietermaritzburg gaan deelneem:
**Dogters:** Lené Labuschagne, Mieke Maritz, Isabel van Deventer, Lia de Boer en Jané van den Berg.
**Seuns:** Dehan Cilliers
Baie geluk en sterkte vorentoe aan hierdie spelers.

### 8. Kleredrag

Dit raak alreeds koel – veral soggens. Gedurende Aprilmaand word daar 'n vergunning gemaak dat leerders 'n keuse het tussen somers- en winterskooldrag. Die twee style moet asseblief net nie gemeng word nie. Vanaf 2 Mei moet alle leerders wintersklere skool toe dra. Maak ook asb. seker dat u kind sportdrag dra slegs wanneer hulle skoolsport direk na skool het of Liggaamlike Opvoeding as vak op daardie dag het. Baie dankie vir u samewerking.

### 9. Skoolfonds vir 2024

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Baie dankie aan ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal het. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae.

**10. Rugby- en netbaluitslae vs Trio**

**Netbal:**

- o/9A verloor 1-9; o/9B verloor 1-2; o/9C **wen** 2-0
- o/10A verloor 5-9; o/10B verloor 7-8; o/10C **wen** 9-3
- o/11A **wen** 19-6; o/11B **wen** 15-2; o11C **wen** 11-2
- o/12A **wen** 16-10; o/12B **wen** 17-2; o/12C **wen** 25-2
- o/13A **wen** 15-5; o/13B **wen** 20-14; o13C verloor 3-12; o/13D verloor 7-10

**Rugby:**

- o/9A **wen** 12-0; o/9B **wen** 15-7; o/9C **wen** 40-0 a.g.v. geen span van Trio
- o/11A verloor 7-8; o/11B verloor 5-17; o/11C **wen** 17-12; o/11D verloor 0-17
- o/13 **wen** 42-23; o/13B **wen** 38-22; o/13C **wen** 40-0 a.g.v. geen span van Trio

**11. Aardedag kompetisie: Maandag, 22 April**

Sien die inligting rakende hierdie kompetisie in die advertensie onder.




Wurm Tema Menu
Serenity
GIFTS & MORE
ANDERS
Bring jou fiets!
Bally Duff Plot 27 Bethlehem
Ons hou erdwurm dag om aarde dag te vier!!
SATERDAG
Wurm Tema speel en leer en kuns
20 April 2024
9:00 - 15:00


Musieklesse
Klavier, Kitaar, Klawerbord
& Blokfluit
Bethlehem, Clarens
& Fouriesburg
Michélle Nel
0828167221